Student Reading Success Through Research and Collaboration

# Leer Engels Saam Met Jou Kinders en Tieners: Die Gebruik van Gemorspos om Engels te Oefen



Deur Nicole DeSalle, Skryfkoördineerder, Iowa Leesnavorsingsentrum

*Redakteursnota: Om saam te leer kan u kinders en tieners se taalvardighede in Engels verbeter sowel as u eie. Hierdie plasing is deel van 'n voortdurende reeks wat ontwerp is om versorgers wat Engels leer te help om geleenthede vir die familie te vind om Engels te leer in hul daaglikse lewens.*

Ons woon in 'n digitale wêreld en tog, in hierdie tyd van teksboodskappe en slimfoontoepassings, mag jou posbus steeds dikwels vol gestop wees met gemorspos soos koeponne en advertensies. Hoewel dit moontlik u instink is om daardie papiere reguit in die snippermandjie te gooi, is daar maniere om daardie gemorspos, of ander alledaagse voorwerpe (gesamentlik bekend as *realia*), te gebruik om u geletterdheidsontwikkeling, sowel as die van u kinders en tieners, in Engels te ondersteun. Taal stel ons in staat om probleme op te los en om sosiaal met ander te kan verkeer (Vygotsky, 1978). Daarom kan die oefen met realia soos advertensies en koeponne u en u kinders of tieners in staat stel om situasies en interaksies wat in die daaglikse lewe plaasvind uit te oefen. Hierdie tipe realia kan u en u kinders of tieners ook help om kulturele kennis van dieVerenigde State te verwerf, soos die tipe produkte wat in die winkels gevind kan word en die tipe inligting wat gewoonlik in advertensies verskyn (Xu, 1999).

## Bou Saam Agtergrondkennis

Hierdie terme is nuttig vir leerders van Engels om te ken voordat u die aktiwiteite in hierdie plasing probeer.

- Daar is pos wat mens ontvang wat mens graag wil ontvang, soos 'n brief, of iets wat mens moet ontvang soos 'n rekening. Die pos wat mens nie wil ontvang nie word dikwels *gemorspos* genoem. Koeponne en advertensies is soorte gemorspos. Hoewel advertensies en koeponne nuttig kan wees, verwys baie mense daarna as gemorspos omdat hulle so baie daarvan ontvang en hulle nie daarvoor gevra het nie. Die woord *rommelpos* word dikwels gebruik om te verwys na hierdie soort ongewenste inhoud wat na u e-pos gestuur word. Vir meer inligting oor hierdie onderwerp, lees hierdie article about spam vanaf die webwerf vir Engelse leerders, *Breaking News English*.
- 'n *Koepon* is 'n kaartjie of klein stukkie papier wat mens afslag gee op 'n produk of diens. Koeponne kan in koerante of aanlyn gevind word. Koeponne word ook dikwels deur die pos afgelewer. Met koeponne kan mens afslag kry op allerande produkte soos kos, wasgoedpoeier of papierhandoeke. Bring die papier kaartjie (of drik dit uit indien dit aanlyn is) saam na die winkel om dit te gebruik. Gee die koepon vir die kassier wanneer u betaal.




- 'n *Advertensie* is 'n kennisgewing oor 'n produk, diens of gebeurtenis. Advertensies word dikwels gebruik om mense in te lig oor 'n winskopie of vermindering van prys. Sommige advertensies sluit koeponne in.

U kan die volgende vrae met u kinders of tieners in Engels of u moedertaal bespreek:

- *Het ons gemorspos in ons tuisland? Hoe is dit soortgelyk of anders as gemorspos in die Verenigde State?*
- *Gebruik ons koeponne? Wat koop ons gewoonlik met koeponne?*
- *Het ons onlangs 'n advertensie in die pos ontvang? Watter tipe inligting het dit op gehad?*

U sal dalk sommige, of al hierdie vra weer wil nasien met u kinders en tieners soos u meer gemorspos ontvang.

## Bou Saam Vaardighede: Aktiwiteite om Gemorspos te Gebruik om Engels te Oefen

Die aktiwiteite hieronder is 'n paar maniere hoe u gemorspos soos koeponne en advertensies kan gebruik om Engels saam met u kinders en tieners te oefen.

## Skep ‘n Prentjiewoordeboek

U kan baie koeponne en advertensies versamel. Organiseer dit alfabeties in ‘n plakboek om ‘n prentjiewoordeboek te skep. Soos u organiseer, wys na die koeponne en advertensies en laat u kind of tiener die produk identifiseer op sy Engelse naam. Laat u kind of tiener dan ook wys na ‘n koepon vir u om te identifiseer sodat u ook woordeskat kan oefen. Sodra u ‘n prentjiewoordeboek geskep het kan u dit ook gebruik om ander Engelse taalvaardighede te oefen soos grammatika en uitspraak.

## Oefen Grammatika: Telbare en Ontelbare Selfstandige Naamwoorde

Identifiseer die produkte op die koeponne wat telbare en ontelbare selfstandige naamwoorde is saam met u kinders of tieners. Byvoorbeeld, eiers is telbaar omdat mens vir elkeen ‘n nommer kan gee. Dit word ook gewoonlik in ‘n pakkie met ‘n getal soos 12 (ook bekend as ‘n dosyn) verkoop. Aan die ander kant is ontbytgraan ontelbaar omdat dit moeilik of onmoontlik sal wees om vir elke vlokkie of stukkie graan ‘n nommer te gee. Ontbytgraan word ook in afgemete hoeveelhede wat mens nie met die hand kan tel nie verkoop, soos ‘n boks ontbytgraan van 340 gram. Gebruik dan volgende die koeponne om ‘n inkopielys te maak. Trek saam met u kind‘n sirkel om die telbare selfstandige naamwoorde: appels, piesangs, papierhandoeke, ens. Trek ‘n blokkie om die ontelbare selfstandige naamwoorde: melk, brood, waspoeier.

**Meer oefening:** Groepeer die items op u inkopielys saam met u kinders of tieners in gemerkte kategorieë soos “vars produkte,” “huishoudelike skoonmaakmiddels,” en “suiwel.” Melk en kaas is byvoorbeeld soorte suiwel produkte. Skryf die woord “suiwel” op u lys en onderstreep dit. Skryf dan “melk” en “kaas” onder dit. Vra u kind of tiener:

*Wat is sommige ander suiwel produkte?*

## Oefen Uitspraak: Lettergrepe Wat op Konsonante Eindig

Identifiseer saam met u kinders of tieners die Engelse name van produkte op koeponne wat met die letter “s,” eindig soos “*eggs*,” “*cupcakes*,” “*paper towels*,” en “*bananas*.” Die “s” word gebruik om die items meervoudig te maak. Verduidelik dat wanneer ‘n woord op ‘n klinker of ander vokale konsonant soos “m,” “n,” “ng,” “l,” “b,” “d,” “g,” “v,” “r,” of vokale “th,” eindig, word die “s” bygevoeg om die woord meervoudig te maak en dit ‘n /z/ klank het. Sê die woord “*eggs*” en beklemtoon die /z/ klank aan die einde van die woord.

Verduidelik dan dat wanneer ‘n woord op ‘n stemlose klank soos “p,” “t,” “k,” “f,” of die stemlose “th” klank eindig, die “s” ‘n /s/ klank het. Sê die woord “*cupcakes*,” en beklemtoon die /s/ klank.

Besluit saam of elke koepon wat met 'n "s" konsonant einding as die /z/ of /s/ klank uitgespreek moet word.

## Oefen Spraakvaardighede: Vra en Antwoord Vrae (Hoeveel?)

Rolspeel saam met u kinders of tieners om 'n klant en kassier te wees. Gebruik die sinrame hieronder om te oefen om vrae oor die koeponne van u prentjiewoordeboek te vra en te beantwoord. Ruil dan rolle.

### Sinrame om te Oefen om Engels te Praat

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vraag:** | Hoeveel kan ek spaar op ____________met hierdie koepon? | **Voorbeelde:** | *Hoeveel kan ek spaar op **piesangs** met hierdie koepon?*<br><br>*Hoeveel kan ek spaar op **ontbytgraan** met hierdie koepon?* |
| **Antwoord:** | U kan _______ spaar. | **Voorbeelde:** | *U kan **39 sent** spaar.*<br>*U kan **12 dollar** spaar.* |

Hierdie sinrame sal u en u kinders of tiener in staat stel om telbare en ontelbare selfstandige naamwoorde (sien Oefen Grammatika: Telbare en Ontelbare Selfstandige Naamwoorde hierbo) te oefen. Soos u oefen, onthou dat telbare selfstandige naamwoorde met die letter "s" kan eindig terwyl ontelbare selfstandige naamwoorde nie kan nie. Soos byvoorbeeld, die woord "*bananas*" is 'n telbare selfstandige naamwoord terwyl die woord "*cereal*" 'n ontelbare selfstandige naamwoord is. Hierdie sinrame sal u en u kind of tiener ook in staat stel om die konsonante wat met die letter "s" eindig te oefen (sien Oefen Uitspraak: Lettergrepe Wat op Konsonante Eindig (s) hierbo). Onthou dat woorde wat met die konsonant "-s" eindig 'n met 'n /s/ of /z/ klank kan eindig. Byvoorbeeld, die woord "*cents*" eindig met 'n /s/ klank, terwyl die woord "*dollars*" met 'n /z/ klank eindig.

## Oefen Engelse Gesprekke

Sê vir jou kinders of tieners dat julle weggaan vir die naweek. Besluit saam waarheen julle gaan. Sê aan hulle:

*Ons kan slegs drie goed saamneem. Wat moet ons neem?*

Besluit saam met u kinders of tieners watter drie goed, wat in u koeponwoordeboek vertoon, die mees nuttigste goed vir u naweek weg sal wees. U kan beslis die aantal besparings op die

koeponne in u besluit oorweeg. Soos u met u kinders of tieners praat, probeer om telbare en ontelbare selfstandige naamwoorde korrek uit te spreek.

**Nota:** Onthou dat wanneer u Engelse gesprekke saam met u kinders of tieners oefen dit heeltemal aanvaarbaar is om woorde, uitdrukkings, of sinne in u huistaal te gebruik indien u nie weet hoe om iets in Engels te sê nie, of indien ‘n woord of idee verdere verduideliking benodig. Om die huistaal in te sluit kan ‘n effektiewe manier wees om ‘n taak af te handel en om die leer van nuwe inhoud in die doeltaal of nuwe taal te ondersteun (Genesee & Lindholm-Leary, 2012). Die doel van gesprekke oefen is om soveel moontlikhede as moontlik te vind om Engels te gebruik. U mag dalk vind dat u elke keer wanneer u gesprekke voer meer Engels gebruik.

Die goed wat mens in die daaglikse lewe teëkom kan nuwe leer geleenthede bied wanneer mens ‘n nuwe taal en ‘n nuwe kultuur aanleer. Gemorspos is een manier om Engels verniet te oefen met materiaal wat mens in jou eie posbus vind.

Probeer een van hierdie vir meer oefeninge Activities for Using Junk Email in the ESL/EFL Classroom vanuit die webwerf *The Internet TESL Journal*.

## Bronne

Genesee, F., & Lindholm-Leary, K. (2012). The education of English language learners. In K. R. Harris, S. Graham, T. Urdan, A. G. Bus, S. Major, & H. L. Swanson (Eds.), *APA handbooks in psychology®. APA educational psychology handbook, Vol. 3. Application to learning and teaching* (pp. 499–526). American Psychological Association. https://doi.org/10.1037/13275-020

Vygotsky, L.S. (1978). *Mind in society: The development of higher psychological processes*. (M. Cole, V. John-Steiner, S. Scribner, & E. Souberman, Eds.). Harvard University Press.

Xu, Hong. (1999) Young Chinese ESL children’s home literacy experiences. *Reading Horizons: A Journal of Literacy and Language Arts*, *40*, 47–64. https://scholarworks.wmich.edu/reading_horizons/vol40/iss1/3